

Geliefde Lourensrivierder

Ek en my Grotman het vroeër die jaar 'n egpaar gesien oor hul huwelik en ons eerste vraag was "hoekom is julle hier"..... Die man se antwoord: "mens vat nie jou motor na 'n werktuigkundige as die enjin klaar stukkend is nie...." Daarmee sê hy: Ons wil ons huweliksmotortjie gereeld diens sodat dit kan hou, en hou, en hou!!! Hulle wil vroeëtydig aan die struikelblokke en kommunikasie werk (die enjin gereeld "overhaul" sodat dit lekker glad loop) en vreugde en groei verseker.... Is dit nie inspirerend nie?!

Dit geld natuurlik ook vir enige tipe verhouding en daar is verskeie werksinkels en werktuigkundiges waarnatoe jy kan gaan vir 'n lekker "valet". Lees bietjie hieronder oor ons eie verhoudingsnaweek wat so 'n geleentheid bied....



NUUSKRUMMELS: 3 AUGUSTUS 2017

NUUS UIT DIE KERKKANTOOR



In opvolg van ons Pinkster Onderwerp "**ONS HOUDING IN ONS VERHOUDING**" word jy uitgenooi na 'n spesiale Naweekkursus om die kwaliteit van jou huwelik, of verhouding waarin jy staan, na 'n hoër vlak te neem.

Wanneer 'n mens vir 'n aantal jare in jou huwelikskarretjie gery het, is die gevaar dat jy te gewoon geraak het daaraan en nie meer soveel daarvoor omgee nie. Ons sien soms 'n oliekek of 'n duik in die bakwerk of 'n krap op die ruit. So baie mense wil

dan sommer hul karretjie wegmaak en 'n nuwe model kry. Dis mos wat die verkoopsmanse adverteer - gooi weg, daar is baie nuwes en beter modelle.

Dis egter nie wat God van ons verwag ten opsigte van ons huwelik nie. Hoor wat die Here sê in Maleagi 2: 14 – 15: *“En julle vra: “Hoekom wil U nie meer ons offers hê nie?” Dit is omdat die Here weet julle het nie gedoen wat julle belowe het toe julle met julle vroue getrou het nie. Elke man het belowe sy vrou sal sy maat wees wat altyd by hom sal bly, maar julle het nou julle beloftes gebreek. God het jou en jou vrou so gemaak dat julle soos een mens moet wees. God maak die liggaam en die gees van die mens. Hoekom? Omdat God wil hê julle moet kinders kry wat Hom dien. Julle moenie julle beloftes breek wat julle aan julle vroue gemaak het nie.”*

Kom, elkeen van ons vir wie God Koning is en elkeen wie 'n huweliksbefoorte voor God en teenoor ons huweliksmat afgelê het, kom ons neem vandag 'n nuwe en vars besluit: ten spyte van hoeveel jaar ons al met ons huwelikskarretjie ry; laat ons die ou dinge herstel, afstof of blink vryf en die maat geniet wie die Here ons gegee het. -Willem en Annalie Botes-



Die kursus is ook vir mense wat nog nie getroud is nie en wil leer oor verhoudings.

IMAGO KURSUS TEMA: "Getting The Love You Want"

Datum: 18 – 20 Augustus 2017

Plek: Lourensrivier Kerksaal

Aanbieders: Francois en Riana Hanekom

Koste: R800,00 per persoon

Besprekings: Lourensrivier Kerkkantoor

Vir verdere inligting, kontak Willem Botes @ 083 658 2154

VOEDSELFEEES TUINPARADYS 2017

Wat nog dringend nodig word asb:

- Produkte om mee te bak en brou bv. **meel, eiers, olie, botter, jellie, vla, ideal melk ens.**
- Wildsvleisbene, wat afgekook kan word vir wildspasteie.
- Skoon 2 liter roomysbakke vir die poeding, asook foam-a-lite bakkies vir Pannekoek.
- Kindervermaak: Tombolatafel items bv. speelgoed, ornamente, legkaarte, speletjies, ens.

Alles wat nodig word, moet asb by die kerkkantoor afgegee word, of laat weet as dit afgehaal moet word.

Indien jy 'n kontant-bydrae wil maak, kan dit ook by die kerkkantoor afgegee word of per EFT gedoen word.

Bankbesonderhede:

ABSA Strand, NGK Lourensrivier

Rekeningnommer: 420580231

Verwysing: Jou naam & Vfees

Enige navrae:

charlene@lourensrivier.co.za of 021 8535991

2 SEPTEMBER
09h00 - 14h00

TUINPARADYS VOEDSEL FEEES
LOURENSRIVIER GEMEENTE

Dis kuintyd, dis ontspantyd saam met jou gesin en vriende in ons Tuinparadys. Kom en kry 'n plekkie in die son. Sien julle daar!!

Kom neem deel aan ons pret – volwassenes en kinders. Daar's ook pryse om te wen! Dis 'n Fees van lag, pret-hê en kuier.

20 Kosstalletjies met vars gebak – grootkoeke, kaaskoek, beskuit, vetkoek, roosterkoek, roosterbroodjies, kleinkoekies, muffins, kolwyntjies, "moer"-koffie, basaarpoeding, pannekoek, koeldrank, tuisgemaakte lekkers, potjiekos, boereworsrolle en vele meer.

Lourensrivier Gemeente
h/v Broadway & Da Gamastraat, Strand
Vir verdere inligting : 021-853 5991

Gerda: 021-8547191/0824661766 & Apolonia: 021-8537560/0825077091

BAIE BELANGRIK!

M.A.G.
Meisies Agter God

Nooi elke vrou in jou lewe vir 'n amazing oggend propvol bederf en 'n WOORD van GOD vir JOU!

Tema: Waarde van 'n vrou
Datum: 9 September 2017
Tyd: 10h00
Plek: Lourensrivier Gemeente
Kostes: R50 p/p

MAG (Meisies Agter God) OGGEND:

As jy 'n mamma, tannie, vrou, sussie, niggie, ouma of oumagrootjies is: Dit is waar jy die 9/9 MOET wees. Moenie uitmis nie, daar is soveel bederf!

Kaartjies by Lourensrivier Gemeente Kerkkantoor beskikbaar (021 853 5991) 📞 📧

- praise & worship 🎵
- spreker 😊
- danse 🕺
- pryse 🎁
- eet- en drinkgoed 🍷 🍴
- photobooth 📷

Moet asseblief nie van hierdie wonderlike oggend vergeet nie!

NAVRAE: Anneli Theron @ 0715861808

ONDERSTEUN ASB ONS GEMEENTELEDE SE BESIGHEDE: Vir meer inligting en ook ander besighede, kan jy op ons webtuiste gaan loer by: <http://www.lourensrivier.co.za/index.php/besigheidsnetwerk> of op die D6 Communicator onder “Bronne”.

NUUT:

 <p>Christo & Hetta van der Berg 082 893 7913</p>	 <p>Mobiele Koffie-wa vir enige geleentheid</p> <p>Jacqui Germishuys 082 773 5457</p>	 <p>Menslike Hulpbronne, Payroll Dienste & Professionele Rekenmeesters Zita Bernhardt, 084 220 0077</p>
--	--	--

NUUS UIT DIE GEMEENSAP



Een van ons gemeentelede het deel geword van 'n projek om fondse te genereer vir 'n vriendin wat met kanker gediagnoseer is en vir behandeling moet gaan. Een van die projekte is 'n 5 km staproete op 26 Augustus 2017 in Riviersonderend. Daar is ook ander maniere om te ondersteun. Indien enige iemand belangstel of verdere navrae het, kontak asb vir Direlle Geldenhuys @ 084 569 0402

KNIEWERK:

- ✦ Bid vir waterkrisis, SA, die leiers en volkome toewyding aan ons Here. Dankie Heer vir reën wat reeds geval het!
- ✦ Kankerbehandeling: Paul Louw; Owen Wallis; Amanda Vosloo; Sannie le Roux; Annette Laten
- ✦ Angelique Stassen vir gesondheid (baie dankie daar is al positiewe vordering)
- ✦ Jan Volschenk vir bestraling by Tygerberg Hospitaal
- ✦ Wena Henning gaan Dinsdag, 8 Aug in vir voetoperasie
- ✦ Innige meegevoel met Herman Rocher en familie met die heengaan van sy suster
- ✦ Regstelling: Yvonne Blom herstel na heupvervanging (jammer nie knieervanging)
- ✦ Annamarie Jones vir gesondheid
- ✦ Erika Jonker sterk aan by huis na hospitalisasie

TERUGVOERING/GEBEDSVERHORING:

Ons wil baie graag weet hoe dit gaan met almal vir wie ons bid. Hou ons asb op hoogte.

FOKUSTEKS VAN WEEK ASOOK DEEL VAN SONDAG 6 AUG SE BOODSKAP: Mat 14:13-21 (NEGENDE WEEK IN KONINKRYKSTYD)

Toe Jesus hoor van die dood van Johannes, wou Hy alleen wees en probeer Hy na 'n stil plek (woestyn) oos van die see van Galilea, toe te gaan. Hy kry dit nie reg om van die mense weg te kom nie. Hulle volg Hom en Hy kry nie die stilte en alleen-tyd waarna Hy gesoek het nie – ongeveer 5000 mans plus nog vroue en kinders, soek Hom om hulle siekes te genees en van Hom te leer. Sy empatie met hulle en hul nood maak dat Hy nog verder gaan as om net hul siekes te genees en hulle te leer, Hy versorg hulle ook fisies sodat hulle kan verstaan dat Hy verder as dit wil gaan en hulle liggaamlik en geestelik sal versorg.. Hy voorsien in hul fisiese nood – Hy beliggaam die koninkryk van God en Hy versorg hulle. Wanneer Jesus vir die dissipels in vs.16 sê dat HULLE vir die mense moet kos gee, klink dit aan sy praat asof die dissipels 'n groot winkel vol kos het. Die dissipels se vinnige antwoord dat die mense moet huis toe gaan en Jesus se reaksie daarop, gee die gedagte dat Jesus vir hulle wil betrek by die versorging van die skare. Hy is nie net “jammer” vir hulle nie, Hy doen iets prakties om hul nood te verlig EN maak ook sy dissipels deel daarvan deur die vis en brood vir hulle te gee om uit te deel.... (Willem Botes)

Ons word tot vandag toe nog liggaamlik en geestelik deur Jesus versorg en ons word SELF ook geroep om deel van die versorging in Sy Koninkryk te wees..... Kom ons bewys ons dankbaarheid en maak Sy Naam groot waar ons gaan.

Chris Tomlin sing Good Good Father: <https://www.youtube.com/watch?v=qlsQrycKKsY>

Jackie@Lourensrivier
OORGEE, OMGEE, AANGEE